COMMUNITAS
IZIKO LOKUCETYISWA KWAMABANDLA
NETWERK VIR GEMEENTEBEDIENING

Brief van gemeentes aan lidmate:
16 Maart 2020

Liewe lidmate en kollegas

Die kerk het nou 'n geleentheid om sout en lig te wees in dié noodtoestand oor die Corona-virus (Covid-19) wat ons President afgekondig het. Die noodtoestand is ’n getuienis geleentheid waar die kerk kan uitreik na mense.

Dis egter nodig dat ons goed ingelig is.
Ons ervaar dat mense sterk teenoorgestelde opinies oor die toestand het. Ongeag die graad van die pandemie moet ons egter die volgende sake ingedagte hou:

- Suid-Afrika is 'n meer kwesbare land as gevolg van armoede, werkloosheid en die gepaardgaande gesondheid uitdagings soos onder andere TB, HIV en VIGS.
- Ons is ook kwesbaar as gevolg van die tekorte aan mediese hulpbronne, bv. die hoeveelheid hospitaal beddens asook ventilators is nie naastenby genoeg indien daar 'n beduidende aantal mense mediese behandeling benodig nie.
- Statistieke van lande wat reeds vroeër die uitbraak beleef het wys duidelik dat as ons almal saamwerk en vroeër eerder as later drasties en onmiddellik optree, ons die aantal gevalle sowel as die verspreiding daarvan drasties kan beïnvloed.

Beginsels: Leef asof JY en almal die virus het!
Ons wil graag aanbeveel dat lidmate met die volgende beginsels die situasie sal hanteer:

- Werk met die benadering van “ek wil niemand aansteek nie” eerder as wat ons beleef dat mense isoleer om nie aan gesteek te word nie.
- As gevolg van die inkubasie tydperk weet niemand verseker of jy 'n draer en daarom verspreider, van die virus is nie. ***Leef asof JY en almal die virus het!***
- Vanuit hiérdie posisie volg ons dan die Bybel se opdrag om te heers oor die skepping. Hierdie opdrag kry in 'n tyd soos hierdie veral gestalte in sorg en diensbaarheid.

Sorg vir mekaar kry nou ’n ander dimensie
Die realiteit van die Corona-virus (Covid-19) roep ons op om sorg vir mekaar anders te definieer:

- Om weg te bly van mekaar behalwe as dit noodsaaklik is om kontak te maak
- Om nie in groepe byeen te kom nie al is dit baie minder as 100
- Om mekaar te bly versorg sonder onnodige blootstelling
- Om indien dit noodsaaklik is om kontak te maak dit verantwoordelik te doen
- Om vir mekaar te bid
- Om op ander maniere mekaar geestelik te versorg soos bv. om mekaar te skakel of teks-boodskappe te stuur.

Diensbaarheid kry ook nuwe gestaltes:

- Ons moenie nou voorraad opgaar nie – die arm gemeenskappe sal nog meer daaronder ly
- Moenie nou barmhartigheidsaksies stop nie – dink liefs kreatief om kontak te beperk maar steeds voort te gaan
- Moenie nou geld weerhou nie – dit is juis nou die tyd om beursies oop te maak – armes is meer kwesbaar
- Die harde werklikheid is dat die meeste Suid-Afrikaners, wat lidmate van ons kerkfamilie insluit, afhanklik is van hul week/maand inkomste om te oorleef. Lidmate wie sulke werkers in diens het, word opgeroep om aan hulle hul dag/week/maand loon te betaal, al kan hulle nie inkom om die werk te doen nie.

Eredienste en samekomste kry nuwe gestalte?

- Benut bestaande kommunikasienetwerk binne die gemeente (e-posse; whatsapp; sms'e) Gebruik dit vir inligting, bemoediging en geestelike versorging
- Versprei die regte informasie en gebruik hiervoor die regering se WhatsApp lyn 060 012 3456
- Benut alle platforms wat beskikbaar is en span die elektroniese medium in waar moontlik bv. deur aanlyn hulpmiddels ("streaming, podcasts") leiding te gee aan groepe en eredienste aan te bied.
- Dink dus nuut oor ander vorme van eredienste – bv.
    - Neem die preek op in 'n klein video's (nie langer as 3 minute nie) wat maklik versprei kan word. Kom ooreen dat ons dit op die tyd van die erediens, alleen, in huise of kleingroepe kyk
    - Gee geleentheid op 'n whatsapp groep dat mense terugvoer kan gee
    - Stel 'n blad beskikbaar met liturgie/gebede en simboliese handelinge vir kerkgebruik en tuisgebruik.
    - Maak gebruik van elektroniese mediums waar moontlik. In die geval van lewendige "streaming" kan die leraar en musiekgroep vanuit die kerk uitsaai na lidmate.
    - Maak kerke oop op 'n bepaalde tydgleuf- bv van 12h00-14h00 weeksdae waar lidmate verspreid kan kom sit en stil word. Predikant/ouderling kan teenwoordig wees met 'n herhalende liturgie (musiek, kort preek, tyd vir gebede, 'n besoekers liturgie, uitdeel-riglyne).
    - Wanneer kerkgeboue gebruik word, behoort daar sover as moontlik hande gewas word voor en na die tyd en indien moontlik, moet mense se koors gemeet word.
    - Dankoffers moet kreatief ontvang word om kontak met geld soveel as moontlik te verhoed. 'n Beroep word steeds gedoen op mense se rentmeesterskap veral met die oog om te sorg vir die weerloses in ons gemeenskappe. Indien nie elektronies nie, moet 'n sentrale punt aangedui wees waar mense hulle offer kan kom laat op 'n tyd wat hulle sal pas.
    - ***Vir ekstra riglyne hieroor kyk na die video wat beskikbaar is by:*** https://www.youtube.com/watch?v=ZncVMj6DJNs

- Sieke besoek – indien fisiese besoeke nie noodsaaklik is nie, ondersteun met telefoon oproepe, WhatsApp- oproepe, en die afgee van pakkies – vermy fisiese kontak om mense te beskerm. Verduidelik “ek weet nie of ek ’n draer is nie, maar skakel eerder om te hoor hoe dit gaan”
- Kerkkantore – Skep tydsgleuwe/dae wat kantore oop is vir lidmate. Die res van die tyd werk personeel in afsondering. Oorweeg om werknemers tuis te laat bly indien hul werk nie daardie dag noodsaaklik is nie.
- Ons word almal opgeroep om ons patos vir mekaar te behou en te help waar ons kan om laste vir mekaar te dra – bv. VKO’s by kerke – dink aan alternatiewe maniere, moedig kinders aan om tuis te bly as daar versorging is en verdeel die res in kleiner groepe wat verkieslik tuis onder toesig onderrig word.

Hierdie riglyne is opgestel deur die Diensspan van Communitas vir Gemeentes.
(VGK en NGK Predikante in Sinodale diens)
Stuur asb julle verdere kreatiewe bydraes na mdup@sun.ac.za.
Hierdie inligting sal deur *Vrydagnuus* en *URCSA Cape e-news* gekommunikeer word.